DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. DONDERDAG, 1 MEI 1958 NR. 5

# Oplewing in Vreugdedagviering.

## REORGANISASIE BLYK SUKSES TE WEES.

GEDURENDE die naweek van die vyf-en-twintigste en ses-en-twintigste April het die Pukke getoon dat die oplewing wat in die begin van die jaar merkbaar was in die studentelewe, nog geensins verflou het nie. Daar was groot geesdrif sowel tydens die voorbereiding vir Vreugdedag, as tydens Vreugdedag self, en in vergelyking met die van verlede jaar was vanjaar se feesviering sommer 'n groot sukses.

**VOORBEREIDING.**

Dit was verblydend om te sien hoedat die mans en dames Vrydagaand in groot getalle met die bou van die sierwaens besig was. Dit is nou maar eenmaal so dat Vrydagaand die aangenaamste deel van Vreugdedagviering is — wat die rede daarvoor is, is nie baie duidelik nie!

**BEOORDELING.**

Saterdagoggend het die sierwaens voor die Hoofgebou bymekaargekom vir beoordeling. Die beleid van die Vreugdedagbestuur om minder sierwaens te bou, en om sodoende die gehalte te verhoog, het baie goeie vrugte afgewerp. Die sierwaens het dan ook die lof van die publiek uitgelok.

Die uitstaande sierwaens, wat dan ook die pryse verower het, is die volgende:

**Bes-afgewerkte sierwa:** Mnr. E. de Jager se „Die Swanemeer Balletmusiek."

**Lagwekkendste sierwa:** Mnr. H. de Wet se: „Kleinjan skiet die kat."

**Oorspronklikste sierwa:** Mnr. Piet Bingle se „Minuet van Mozart."

Vir die betrokke persone en hul helpers was dit waarlik 'n beloning vir hul harde arbeid.

Wat die kostuums aanbetref was daar 'n ryke variasie van lagwekkendheid, oorspronklikheid en netheid en vir hierdie drie afdelings is die pryse aan die volgende persone respektiewelik toegeken:

1. Marinda Schutte.
2. Koos van Wyk, Hannetjie van Rensburg en Antoon Goosen.
3. Rosemarie Lessing.

**KOLLEKTANTE.**

Waar ons verlede jaar op Klerksdorp feitlik geen kollektante gehad het nie, het die kollektante vanjaar in 'n besonder groot getal opgedaag. Die keurige en veelkleurige kostuums het daartoe bygedra om die gees, wat ander jare afwesig was, weer te laat oplewe.

**THALIA en ALABAMA.**

Saterdagaand het Thalia en Alabama 'n Vreugdedagkonsert aangebied. Die lagwekkende toneel van die toneelgroep en die orkeswerk van die Alabama, bygestaan deur 'n paar buitestaanders, het die feesvierings van die dag op 'n besonder hoë noot laat eindig. Ons is baie bly om te sien dat die orkes nou 'n konsertinaspeler in die persoon van mnr. Japie Arangies bygekry het. Dit sal vir die Alabama van groot waarde wees, want ons ou „Boere-studente" hou nogal baie van 'n konsertina!

Ons kan dus terugkyk op 'n besonder geslaagde Vreugdedag, en ons wil dan ook langs hierdie weg ons hartlike gelukwensing aan die Vreugdedagbestuur oordra vir hulle onvermoeide ywer in verband met die organisasie van hierdie aangeleentheid.

Nogmaals geluk ook aan al die Pukke wat daadwerklik meegewerk het om die groot mate van welslae te bereik. Mag die gees van samewerking altyd hartliker word, sodat ons in die toekoms 'n nog groter sukses sal maak van hierdie besondere dag in ons studentelewe en dit soos ware P.U.-kaners sal vier.

# So lyk ons vir ander.

## Harry Brinkman Gee Sy Indrukke.

GEDURENDE 1957 het Harry Brinkman, student aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, en Johan Fleerackers van die Universiteit van Leeuven, Vlaandere, as gaste van die A.S.B. ons land besoek en aan die verskillende Afrikaanse Universiteite vertoef en gestudeer. Hieronder volg 'n samevatting van sy indrukke soos deur Brinkman in „Die Voorlaaier" van Maart 1958 gepubliseer.

**AFRIKAANSE STUDENT EN KRITIEK:**

Kritiek is uiters noodsaaklik, want deur kritiek op 'n opvatting uit te oefen, word die gees geprikkel en lei tot hernude denke en deurskouing van die gekritiseerde opvatting. 'n Gedurige streling van die gangbare opvatting lei dikwels tot 'n verderflike rus en tevredenheid.

Die mens moet reg ingestel wees tot die uitoefening en aanvaarding van kritiek. Wanneer kritiek voorkom uit arrogansie, hoogmoed of onkunde, is dit laakbaar. Dit moet egter voorkom uit simpatie, belangstelling en die bereidheid om 'n bydrae te lewer tot die oplossing van 'n gemeenskaplike probleem. Daarteenoor moet kritiek nie gesien word as 'n noodwendige middel tot verwydering, misverstand, tweespalt of vyandskap nie.

Veral onder die Afrikaanse studente het Brinkman die uitoefening van gesonde kritiek en die inname van 'n kritiese — dit wil sê: 'n onderskeidende en beoordelende — houding gemis. Die kode van beleefdheid en die dwingende wens tot eenheid voorkom soms 'n openhartige en saaklike gedagtewisseling.

Hierdie gebrek aan 'n kritiese insig en verantwoording het tot gevolg dat op die gebied van die geloof en die beginsels soms 'n skynbare eenheid bestaan. Tog verhinder dit dat waarlike ondersoek van die gees van beginsels geskied en dat so 'n nodige skeiding van verskillende elemente plaasvind.

**AFRIKAANSE STUDENT 'N MASSAMENS:**

In aansluiting by die voorafgaande onvermoë om krities te onderskei dra die hele stelsel van universitêre opleiding by tot die vorming van 'n massamens. Dit kom vir Brinkman duidelik na vore in die massagees by sportbeoefening, die dra van kleurbaadjies, die studente-organisasies volgens massalyne.

In hierdie omgewing pas die mens waarvan „de studiezin niet indrukwekkend (is)", met geen sterk kultureel-filosofiese persoonlikheidsvorming en gebrek aan algemene ontwikkeling. Geesdrif ontstaan maklik, maar deursettingsvermoë en verantwoording ten opsigte van die gronde vir die geesdrif, is dikwels gering. Dit is omdat in die studentelewe die uniformiteit en massaliteit die individu verswelg, en in hierdie saamgaan met die massa min eise aan die individu gestel word.

(Vervolg op bladsy 3)

MALAN MEUBILEERDERS
KERKSTRAAT 112.
Telefoon 2157
POTCHEFSTROOM

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

KOM KYK BY . . . .
J. HEIDEMA
FOON 364 - - - - - - - - - - - KERKSTR. 48,
POTCHEFSTROOM
☐ FIETSE,
☐ BROMFIETSE,
☐ MOTORFIETSE,
☐ TIKMASJIENE, ENS.

WESTVAAL
Studente!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 - Foon 167 & 1086
BROOD, KOEK en PASTEITJIES
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROU-, VERJAARDAG en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60 - Potchefstroom
Spoorwegstraat - - Klerksdorp

DIE BULT APTEEK
TOMSTRAAT 86.
TELEFOON 3091.
Nou geopen en tot u diens!
ONS LEUSE IS:
„DIENS aan die gemeenskap"
Ondersteun Oud-Pukke!

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.
C. van der MERWE
FIETSHANDELAAR

DAMES en HERE!
Besoek . . . . . .
„DIE BULT HAARKAPPERS"
VIR 'N NETJIESE HAARSNY
Tomstr 86A - - - - Foon 1486
(Eienaar — G. Schoonhoven)

Die Wapad
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
DONDERDAG, 1 MEI 1958

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Andries Myburg. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR | Johan Coetsee. |
| NUUS | Jan v. d. Schyff. |
| INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE | Chris Coetsee |
| KUNS | Riekie Dekker. |
| (Waarnemend) | Enid Rautenbach. |
| SPORT | De Wet Krüger. |
| VARIA | Susan Roets. |
| TEGNIESE-ADVISEUR | Dries Yssel. |
| FOTOGRAAF | Hannes v. d. Walt. |
| PENNINGMEESTER | Hans van Zyl. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Eike Howaldt. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Leon Swart. |

# Ons is in die skuld.

Het 'n kwartaal al so begin: 'n Vreugdedag en 'n algemene verkiesing binne minder as twee weke?

Die Pukke se daadwerklike meelewing met die politieke verwikkelinge, van 'n aard waarmee sommige ander inrigtings nie kan spog nie, het weinig twyfel gelaat oor wat die gesindheid van die studentemassa is. Woensdag by die stembus, Donderdag pligsgetrou voor die radio en Vrydag 'n juigende massa. Daardie meelewing het ons egter ook onder 'n verpligting gestel.

'N MASSA? 'n Mens dink onwillekeurig by die aanhoor van hierdie woord aan 'n samedromming van mense by wie die gesonde oordeelsvermoë nie meer funksioneer nie, maar wat hulle willoos laat lei deur vindingryke, breedsprakige leiers.

Ons Pukke 'n massa in daardie sin van die woord! Gelukkig, 'n STUDENTEmassa.

Want ons is studente, mense wat nie alleen hier is om 'n akademiese vorming te ontvang nie, maar om 'n eie, selfstandige lewensuitkyk aan te kweek. Dis nie sommer toevallig dat ons hierdie lewensuitkyk aankweek terwyl ons aan die P.U. vir C.H.O. studeer nie. Later moet ons met dit wat ons hier verwerf het, as ammunisie, die strydperk van die lewe betree. Dan sal ons nie as lede van die massa daar staan nie, maar volgens ons roeping en met die ammunisie voor hande sal ons leiding moet gee. Dis verblydend om te sien hoe deeglik ons ook moeite doen om deur middel van hoofsaaklik K.V.V. en A.S.B. 'n objektiewe lewensuitkyk aan te kweek, om mense te word wat nie bloot massa-mense is nie — al dink die proffies dalk soms met reg anders . . .

Wat gaan nou ons houding wees jeens die regering wat ons so met luide akklamasie in die kussings terug verwelkom het? Gaan ons studenteMASSA wees wat klakkeloos agter die leiding aanloop, of gaan ons STUDENTEmassa wees wat dit waarmee ons ons instemming betuig het, gedurig weer onder die soeklik gaan stel om toe te sien dat dit waarmee ons saamstem, gehandhaaf word en dat daar waar ons oortuiging nie uitgelewe word nie, hervorming en suiwering kom?

Die verkiesing is wel verby, en die proffies is bly dat hul nou weer groter gehore trek. Die gevolge daarvan bly egter nog lank — en ons optrede het 'n verpligting op ons gelê wat ons nie van ons kan afwerp nie.

Johan Coetzee

## Oordenking

# LEWE MET GOD.

**Lees: Ps. 111.**
**Teks: Ps. 111 : 10a:** „Die vrees van die Here is die beginsel van die Wysheid."

Die gelukkige is altyd 'n sanger! Dit is 'n geluk as iemand van sigself kan loskom in sy werk, in sy vriendskap, in sy liefde tot iemand anders. Nog groter die geluk, as iemand van sigself kan loskom in sy lewe met God. Die sanger van Psalm 111 sien slegs God en Sy werke!

Die Psalmdigter lewe met die **Here**, Skepper en onderhouer van alle dinge, Leidsman van Israel deur die geskiedenis, die God van verbondstrou. En **hierdie** God is **onse** God. Die God van die verbond het Sy volk verlos— die God van mag en krag, is ook die God van genade en barmhartigheid. 'n Heerlike vergesig op die komende Messias word geopen!

Om **hierdie** God te **vrees** is die beginsel van die **wysheid.** Wie 'n oog het vir Sy Majesteit, sal in die regte spoor wandel, hy sal met God wandel!

**Hoe moet ek met God lewe? . . .** Deur God te vrees! Ek moet na Sy stem luister en Hom volg. Ek moet in die regte verhouding tot God staan. Die vrêse van die Here, sien derhalwe op my hele lewe, die handel en wandel van die volk en van my voor God se aangesig — Dit omvat my verhouding tot God en medemens. In die vrese van die Here lê opgesluit: diepe ontsag vir Sy Majesteit, maar ook groot dankbaarheid vir Sy genade.

**Waartoe lei my lewe met God?** Dit is wys om dit lief te hê, wat die lieflikste is, en om my hart besig te hou met dit wat my liefde die meeste werd is, en die beste instaat is om my voldoening te skenk. Om God te vrees bring wysheid mee en dit is die insig, die keuse van die hart, nie van die verstand nie. Wie die Here vrees, is wys en wie wys is, vrees die Here. So het ons te doen met 'n gawe van die Here, want die ware godsdiens is die eerste element van die wysheid (insig van die hart) en ook die vernaamste vrug van die wysheid.

Die egte, ware wysheid wortel in die vrees van die Here, wat sig rig na Sy wet en sig openbaar in ons christelike lewe. Dit lei my van onkunde na kennis, uit die duister na die lig! Om God so te ken, dat ek in opregtheid voor Sy aangesig wandel, is die grootste van alle wetenskappe. Heilige eerbied vir God lei my, met die Psalmdigter daartoe, om Hom te loof en te aanbid. Hy, wat Sy Wysheid in die dwaasheid van die kruis geopenbaar het!

Wat is u beginsel?

H. Dijkstra.

# SO LYK ONS VIR ANDER (Vervolg)

**GEBREK AAN LEWENSERNS:**

Weens die sonnige klimaat en die bekoring van die land, is die Afrikaanse student geneig om hom nie veel te bekommer nie, en gaan hy gemaklik voort met die slagspreuk: „Alles sal regkom". Die geloofsoortuiging wat die grond van hierdie uitspraak moet vorm, ontbreek gewoonlik. Hierdie gewoonlik onbekommerde lewenswyse vind ook uiting in die oorbeklemtoning van sport, ontspanning en die verkeerde verhouding wat daar bestaan tussen die ure van „sonskyn" en die aktiwiteit van die gees. Dit laat die Europese besoeker onwillekeurig die vraag stel na die gevolge van hierdie geestesinstelling vir die vorming van 'n innerlike kultuur, vir die verdieping van die gees.

Hierdie toestand word tot 'n groot mate daardeur bepaal dat nie besef word nie dat Christus koning is van alle terreine van die lewe en dus ook van die voorbereidingstyd vir die latere lewe. Die vraag ontstaan of die Christelikheid in die vele terreine waarin dit tot uiting kom in ons volkslewe, nog 'n ware beginsel is of net 'n tradisie. Want die ware beginsel lei tot dade.

By die student en die akademie word die verdere gebrek aan lewenserns baie duidelik. Die akademiese standaard lyk vir Brinkman „aanvegbaar". Die student besef nie die erns van die voorbereidingstaak waarmee hy hier besig is nie. Hy sien dit liewer as 'n aangename studentetyd en geleentheid vir 'n soort algemene ontwikkeling. Daarteenoor verloor die student uit die oog die ontsaglike taak wat hy glo hy ten opsigte van sy vaderland en selfs die hele Afrika het. Hy besef nie dat om hierdie taak te kan volvoer hy slegs tevrede kan wees deur die allerbeste gebruik te maak van die geleenthede tot studie wat hom gebied word.

**STUDENT EN A.S.B.:**

Die A.S.B. kla dat sy lede nie werklik belangstel nie en die lede kla dat die A.S.B. hulle niks bied nie. Die grond vir hierdie toestand sien Brinkman daarin dat die A.S.B. 'n bestuur is wat streef om uitvoering te gee aan die doelstellings van hierdie liggaam wat probleme akademies bestudeer. Sy lede word egter nooit geleer hoe om sake akademies te benader nie; daar is geen organiese opbou van die individuele student nie; daar is meer eenheid as diskussie; meer leiding en verteenwoordiging as individuele vorming.

'n Verder vereiste vir die A.S.B. indien dit as 'n lewende liggaam wil bestaan, is om na buite te werk. Sy huidige beleid van „isolement" is ver genoeg gevoer, want dit kan nooit doel op sigself wees nie, maar moet wees 'n „krachtstation" vanwaar steeds verder na buite gewerk moet word. In die geval van die A.S.B. is die werkterrein die van die internasionale studentewêreld en die Engelse universiteite van ons land. Al is die menings ook hoe onversoenbaar, moet 'n „gesprek" met jou teenstanders — veral in jou eie land — altyd moontlik bly, al is die enigste vrugte ook net dat jy jou teenstanders beter leer ken. En al bly ander resultate uit, mag die een wat waaragtig oortuig is van sy standpunt, die stryd daarvoor nooit opgee nie.

(Hier word slegs die punte van kritiek wat Mnr. Brinkman genoem het, aangehaal. Hy noem ook aspekte van ons land en volk wat hy waardeer het en spreek sy hartlike dank uit aan almal wat sy verblyf alhier moontlik en so aangenaam gemaak het.)


**J. P. van der WALT APTEEK**
**Kerkstr 161 - - - Potchefstroom**
„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat**
vir al u WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.
**Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164**

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!"

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**
Raadpleeg ons vir . . .
- BROOD en alle
- KOEKSOORTE

**Studente . . . . !**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 93 — Telefoon 497**

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**
and
**Van Riebeeck Cafe**
for:
- SWEETS,
- GRILLS and
- COOLDRINKS.

KOM SIEN ONS vir al u . . . . .
- Fotografiese en
- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat, Potchefstroom**

# Van Studenteraadsweë

**VAN STUDENTERAADSWEë**

Die bedrywighede in ons studentelewe gaan in hoogste versnelling voort, nie alleen daar tussen die mure van die Studenteraadskantoor nie, maar veral ook in die geledere van die patronaatsliggame wat groot werk verrig het in belang van ons studentegemeenskap, en wat nog sommer 'n swaar vrag van verskeie bedrywighede op die rug het, aktiwiteite wat nog moet plaasvind om ons jaar lewendig en suksesvol te maak.

**GELUKWENSE.**

Dit is voorwaar nie met toe oë dat die Studenteraad deur Vreugdedag en die A.S.B.-kongres heen gewandel het nie. Ons is trots op verantwoordelike werk wat meesterlik deur die onderskeie onderliggame verrig is. Dit is 'n behoefte om die Vreugdedagkomitee van harte geluk te wens met die puik aanbieding van Saterdag. Almal moet getuig dat die vlotte vanjaar gekenmerk is deur 'n hoë mate van netheid, oorspronklikheid en deeglike afwerking. Die Studenteraad is trots op almal wat meegehelp het om van Vreugdedag 'n sukses te maak.

Aan die A.S.B.: Geluk met die organisasie wat 'n suksesvolle kongres moontlik gemaak het; geluk aan die afgevaardigdes wat hulle standpunt sonder versuim en onomwonde gestel het.

Tot ons kultuurliggame wat so 'n pragtige en opvolgenswaardige kunsfees verlede kwartaal van stapel gestuur het, en wat, in verhouding tot die getalle van die verteenwoordigers van ander Universiteite, mooi presteer het tydens die A.S.B.-kongres, spreek ons 'n woord van dank en gelukwense uit.

En ook, geagte Pukke, aan almal wat werk, in die openbaar, of daar in die stilligheid, almal in belang van ons Alma Mater: Mooi so; hou koers op die pad van die voorgeslagte van die Puk.

**MINDER MOOI.**

Op die jongsgehoue Studenteraadsvergadering het die swak verteenwoordiging van ons kant by die kunsfees tydens die A.S.B.-kongres, deeglik onder die soeklig gekom. Waarom het die Pukke hulle talente onder die maatemmer verberg? Dink bietjie terug aan verlede jaar daar op Stellenbosch waar groot getalle van ons kunstenaars groot lof verwerf het. Vanjaar, immers het alles hier by ons plaasgevind en was dit dan nie veel makliker om met veel minder onkoste ons deel hier by te dra nie? Ons het voorwaar nie goed vergelyk met die aantal deelnemers wat van verre oorde hierheen toegestroom het nie.

Geagte Pukke, laat hierdie feit, wat werklik nie so mooi is nie, ons inspireer om ons belangstellings te stimuleer. As ek klavier kan speel, moet ek myself tog daarin uitlewe; as ek iets van skaak weet, moet ek tog immers kyk of dit nie moontlik is om andere, kollegas aan ander universiteite, te klop nie. En nie net aan ander universiteite nie . . . Ook hier, onderling, ons klomp in gemeenskap met mekaar. Laat die rugbyspeler wat besluit het om maar liewer te werk en minder te ontspan, weer sy besluit in heroorweging neem! Laat elkeen doen soveel as wat enigsins in sy vermoë is.

**Kursus in Kulturele Roepingsleer.**

Dáár is inderdaad iets vir die student wat nie meer altyd weet wat dit in sy diepste beteken om waarlik aan 'n volk met 'n groot tradisie te behoort nie.

Die Studenteraad juig hierdie nuwe instelling van ons owerhede toe en kan dit nie genoeg by die Pukke aanbeveel om hierdie kursus, sonder 'n pennie, Maandagaande by te woon nie. Dit is 'n populêr-wetenskaplike kursus van een lesing per week, en elke Puk behoort daardie uurtjie af te sonder om sy gees te verryk en om sy nasie-trots in dade om te sit.

**Massavergadering.**

Binne die eensvolgende drie weke sal D.V. 'n massavergadering gehou word waar baie interessante, maar ook belangrike sake bespreek sal word. Daar sal u moet sê wat u dink van kortbroeke by ons kleurbaadjie. U sal 'n mening gereed moet hê oor die probleem of ons ons kleurbaadjie op Geloftedag moet dra, m.a.w. behoort ons op Sondae en op Geloftedag dieselfde houding teenoor ons Universiteitskleure te openbaar. Voorts sal verslag gedoen word oor die moontlike bierverskaffing in die kafeteria. Soos u weet, het die Studenteraad na rype oorweging ook besluit om die naam „Theos," waar dit ons studentebedrywighede raak, voortaan nie meer te gebruik nie. Waarskynlik sal daar ook geleentheid wees om hieroor bespreking te voer.

Mag ons ook in die gees van Intervarsity wat D.V. op 24 Mei in Bloemfontein sal plaasvind, na hierdie vergadering kom.

**Nuwe Aankope.**

Ons wil hiermee aan alle onderliggame bekendstel dat die Studenteraad gedurende die afgelope tyd o.a. 'n afrolmasjien aangeskaf het. Alle onderliggame wat afrolwerk op die program het, word versoek om maar net die Studenteraadsekretaris te skakel en daar sal gereël word. Dieselfde geld ten opsigte van die projektor en die nuwe luidsprekers.

(Vervolg onderaan kol. 3 en 4)




**VAN DIE REDAKSIE —**

Von Wiellighstraat 39,
Potchefstroom.
29 April 1958.

Geagte Pukke,

**Vier uitgawes van die Wapad het reeds verskyn en die redaksie het tot dusver nog nie daarin geslaag om u tevrede te stel nie.**

Hierdie stelling baseer ek nie op openlike kritiek van u kant nie, maar op die onwenslike en ongegronde gebrom onderlangs en die sogenaamde koffiekan-disputasies.

Herhaaldemale is dit reeds aan u gevra dat as daar enige kritiek teen die blad is om dit dan te begrond en op skrif aan ons te stuur. Tot op hierdie stadium is dit nog nie een keer gedoen nie, ofskoon elke uitgawe deeglik afbrekend gekritiseer is deur mense wat geen kennis dra van die probleme waarmee die redaksie te kampe het nie.

U sal verstaan, geagte Pukke, dat wat hier geskryf word miskien nie elkeen van u geld nie, tog aan hulle vir wie die skoen pas wil ek vra: sien u kans om 'n beter Wapad uit te gee as wat die geval is onder die spesifieke omstandighede?

Ek wil ook geen refleksies teen die studenteraad werp nie, want ek weet dat hulle finansiële verpligtinge swaar is, maar laat ons tog die feite onder oë sien: Die Wapad word ongelukkig nie gratis gedruk nie. Elke bladsy wat u ter insae kry kos net mooi £3. 15. 0., afgesien van die foto's (waaroor ons later handel). En weet u nou waaruit word die blad gefinansier? Die finansies moet geput word uit 'n skamele subsidie van £90 van die kant van die studenteraad, die hulp van adverteerders wat tientalle blaaie in Potchefstroom moet dra met hulle advertensies en die intekengeld van 'n skandelike-klein aantal intekenare. U medewerking is gevra en al wat die redaksie ontvang het vir opofferende werk is 'n ontsegging van alle erkentlikheid.

Maar u wil ook meer foto's en meer kleur in die blad hê. Weet u dat elke foto wat geplaas word, ongeveer £1. 10. 0. kos? Maar afgesien daarvan, dat die naaste blokmaakmasjien wat bekom kan word in Johannesburg is en dat dit net mooi ses dae neem om 'n blok te laat maak? En dan wil u altyd die Wapad met vars nuus hê, **vol foto's** van gebeure van gister en eergister!

Sommige van u kla omdat die Wapad nou „elke week verskyn"; is dit nie belaglik nie?

U kla oor die gehalte van die stof: geeneen van die redaksielede het 'n joernalistieke opleiding gehad nie, elkeen probleer slegs sy bes. Daar mag van ons kritici wees wat skryftalent besit; waarom is u dan so bang om **iets van gehalte** in die Wapad te plaas? Die standaard van die blad is werklik nie so hoog nie . . .

Die onderhoofredakteur het reeds sy voorneme te kenne gegee dat hy van plan is om te bedank. Hiermee nooi ek ons geagte kritici uit om hulle aan te meld vir die pos. Kom wys asseblief vir ons hoe die Wapad eintlik moet lyk om **op standaard te wees, nie af te steek by die ander universiteite se blaaie nie, en 'n waardige mondstuk van ons Alma Mater te wees.** Moet net nie almal gelyk storm nie.

Wat die gereelde kritiek op die oordenkings betref: die kritiek kom gewoonlik nooit van die kant van die tokkelokke nie en as u geen kennis van die saak dra nie moet u dan nie begeef op 'n terrein waar u 'n leek is nie.

Mense wat op hoogte van sake is het waardering vir die werk wat gedoen word onder moeilike omstandighede, en as u nie bereid is om op hoogte van sake te kom voordat u kritiek lewer nie, moet dan nie agteraf leë blikke rondskop nie want daardie blikke maak die meeste lawaai.

Dankie vir u aandag,
(Hoofredakteur). Andries Myburg.

**Aankondigings.**

Op Saterdag 10 Mei sal D.V. die jaarlikse Studentehandboekeksamen afgeneem word en almal wat hierdie toets moet deurstaan, word sterkte toegewens. 'n Spesiale vraestel sal vir buitemuurse studente opgestel word en hulle sal, indien hulle in hierdie saak belangstel, op 'n vir-hulle-paslike tyd getoets word. Vir meer besonderhede kan u met die Studenteraad in verbinding tree.

Alle onderliggame se aandag word ernstig daarop gevestig dat die **halfjaarverslae voor of op 30 Mei** by die Studenteraadskantoor ingehandig moet word.

**Ten Slotte:**

Terwyl die Studenteraad nog voortgaan met sy ondersoek na moontlike sondigheid in volksdanse, aandag skenk deur middel van die A.B.K.K. aan die samesang in ons studentelewe, en baie ander sake, wens hy u almal sukses en voorspoed toe in u bedrywighede.

Net nog dit: Moenie op die stoele in die Studentesaal te hard gaan sit of spring nie. Die Studenteraad moet betaal. D. Postma.




# Sang uit die hoogste rakke.

Onder beskerming van die P.U.-Musiekvereniging het Emerentia Scheepers onlangs 'n baie geslaagde sanguitvoering in die Totius-Gedenksaal gelewer. Mej. Scheepers het met benydenswaardige kalmte en bedaardheid opgetree en dit het spoedig geblyk dat sy oor 'n besondere en 'n beminlike verhoogspersoonlikheid beskik. Haar verhoogspersoonlikheid is inderdaad besonder, want alhoewel sy deeglik kontak gemaak het met die gehoor het sy, des nieteenstaande, dwarsdeur die uitvoering haar eie individualiteit en statigheid behou.

Die sanguitvoering is verder verryk deur die bondige verduidelikings wat sy voor die liedere gegee het — Dit is baie op prys gestel deur die gehoor. Mej. Scheepers het haar goedsaamgestelde program geopen met 'n Mozart Aria wat, oor die algemeen nie veel byval by die gehoor gevind het nie. In die Schuman-siklus wat hierop gevolg het, was dit duidelik dat sy oor 'n baie suiwer stem beskik en dat haar asembeheer besonder lof verdien. Ook het dit geblyk dat sy intense aanvoeling vir die liedere het en sy het met innigheid die liedere voorgedra.

Emerentia Scheepers het 'n prysenswaardige vertolking gelewer van die vier weemoedige Afrikaanse liedjies. Weggedra op die vleuels van haar suiwer stem kon 'n mens dan ook in die droewe tone van „Vaalvalk," 'n valk as't ware hoor rondsweef. In haar vertolking van dié vier liedjies tref 'n mens glad nie dieselfde graad van berusting en eenvoud aan as in die vertolking van Mimi Coertse nie— dié feit het veroorsaak dat daar soms afbreek gedoen is aan die eenvoud en weemoedigheid van die liedjies.

Die hoogtepunt van die aand is bereik deur Mej. Scheepers se uitmuntende vertolking van Schubert en Hugo Wolf se liedere. In suiwere en ryke tone het Emerentia Scheepers die onvergeetlike „Sylvia" van Schubert weer eens aan die gehoor voorgestel — dit was inderdaad 'n baie aangename kennismaking! Met speelse genot en ondeundheid het sy die fraai minneliedjies van Hugo Wolf voorgedra. Die dramatiek en intensiteit van belewing in „Kennst du das Land" was uitmuntend.

Die sangeres besit 'n goeie vermoë om liedere te dramatiseer — in sommige gevalle was dit baie effektief gewees, maar soms het 'n mens gevoel dat dit steur by die karakter van die liedere, soos bv. in die vier weemoedige liedjies. Dit was besonder aangenaam om te luister hoe sy sonder die geringste inspanning die volle volume van haar stem tot uiting laat kom het. Haar stem het besonder goed gedra en is oral goed gehoor Sy was bygestaan by die klavier deur Mnr. Pieter de Villiers. Daar het 'n volkome harmonie bestaan tussen die soliste en die begeleier en dit was net so aangenaam om te luister na die begeleier as na die soliste. Veral in „Gretchen am Spinnrade" was die begeleiding uitstekend en dit was 'n loutere genot om te hoor hoe die klavier in 'n „spinmasjientjie" verander en lustig saam met „Gretchen" voortspin. Emerentia Scheepers se uitspraak was nie altyd so duidelik nie, en soms was dit bietjie moeilik verstaanbaar.

Met geesdrif kan 'n mens getuig dat dit 'n baie genoeglike aand was en dit was met teësin dat die gehoor berus het by twee toegifte.

(Berig deur
Enid Rautenbach).




Die Redaksie,
„Die Wapad."

Meneer,

Langs hierdie weg wil die bestuur van Vreugdedagkomitee graag 'n woord van hartlike dank rig vir die besondere ondersteuning wat ons met ons aksies verlede Saterdag ontvang het, aan:

Die Stadsraad van Potchefstroom vir toestemming om die straatkollekte te hou.

Die publiek van Potchefstroom wat ons so gulhartig ondersteun het.

Die persone wat die beoordeling van die sierwaens en gekostumeerdes vir ons waargeneem het.

Diegene wat hul vragmotors tot ons beskikking gestel het.

In besonder „Rembrandt" wat ons met hul luidsprekerstel bygestaan het.

Die groot aantal Pukke wat gekollekteer en „Pukkies" verkoop het.

Die hoofde van die sierwaens wat met hul helpers groot opofferings gemaak het.

Dan wil ek in my hoedanigheid as voorsitter in besonder die Vreugdedagkomitee bedank wat so heelhartig saamgewerk het om sake te laat vlot.

Aan u een en almal, saam met hulle wat ons so in die stilte gehelp het: Nogmaals dankie.

Ek dank u vir plasing,

Die uwe,
M. W. van der Walt.
(Voors. Vreugdedagkomitee).

Vreugdedag-komitee,
P.U. vir C.H.O.,

---

Dameskoshuise,
28 April 1958.

Die Redakteur,
Die Wapad.

Geagte Meneer,

Ons rig die brief aan u, maar ons is seker dat die persone wat vir die ontevredenheid verantwoordelik is, beslis nie op die stadium teenkanting verwag nie. Ons sal egter bly wees as die brief ook wel in Die Wapad geplaas kan word.

Ons dames het net gevoel dat dit baie onregverdig en ook selfsugtig was om Saterdagaand, met die uitdeling van bekers vir die vlotte, net die mansvlothoofde te noem en die manskoshuise wat die bekers verower het. Was dit dan nie 'n kompetisie tussen koshuise nie? Daarmee word tog seker die dameskoshuise ook bedoel en daarom is ons ook so met daardie doel ingedeel in groepe. Of is ons buite rekening? Die bekers gaan dus nou net pryk in die manskoshuise as beloning vir harde arbeid van diegene wat aan vlotte gewerk het. Kan die bekers dan nie 'n halfjaar by die manskoshuise kuier en dan 'n ander halfjaar by die dameskoshuise, wat saam met die wenners gewerk het nie?

Dan nog 'n ding. Hoekom is daar spesiaal damesvlothoofde gekies? Net as middel vir die mans om die organisasie, dinkwerk en arbeid te laat vlot, want sover ons weet het die oorspronklikheid, idees en planne by meeste van die vlotte van die dames se kant gekom en by die uitdeling van pryse word hulle glad nie genoem nie en kom al die eer die mans toe. Die dames- en mansvlothoofde kan tog immers saam die bekers gaan haal het.

As dit die geval is dat die dames heeltemal buite rekening gelaat word by die noem van wenners en by die beloning vir harde arbeid aan vlotte, dan kan die mans bietjie 'n volgende keer sonder ons probeer om vlotte te bou en 'n Vreugdedag so te laat slaag soos hierdie keer. Ons het al gewonder wat dan sal gebeur en hoe die vlotte dan sal lyk.

Ons sal dit waardeer as die verantwoordelikes 'n rede vir die optrede kan verstrek. Baie dankie vir plasing.

Die uwe,
Ontevrede dames
van die Puk.

---

S.A.U.K.,
Durban.
16 April 1958.

Geagte heer,

Vergun my deur u blad 'n woord van hartlike dank aan die studente van die Potchefstroomse Universiteit vir die gasvrye wyse waarop die S.A.U.K. tydens die pas-afgelope bondskongres van die A.S.B. deur hulle ontvang en gehuisves is. Ons moet mnr. Hennie van der Walt en sy komitee wat daarvoor verantwoordelik was, gelukwens met puik reëlings wat in alle opsigte verseker het dat ons verblyf in Potchefstroom hartlik en aangenaam was. Ook aan u bure, die Potchefstroomse Onderwyskollege, gaan ons dank vir die wyse waarop hulle met die Kunsfees wat ons aldaar bygewoon het, die welslae van ons besoek ten volle afgerond het.

Dit was werklik vir ons 'n plesier om met Potchefstroom se studente en sy Boeremense te kon kennismaak.

Met studentevaria-groete,
Vriendelik die uwe,
Frikkie Kraamwinkel.

# G. H. Juweliers

**Kerkstraat 129**

★

DESKUNDIGE HERSTELWERK
HORLOSIEMAKER en JUWELIER

**Dames!**
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie Redelike Pryse!

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe

WINTERVOORRAAD.

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

**Tomstraat 92 - - POTCHEFSTROOM - - Telefoon 1389**

## Excelsior Meubels

**Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die Meubelbedryf.

**Ons reël Afbetalings wat by nuwe beginners se inkomste pas.**



**Die mooiste GESKENK**

VIR U VRIENDE

**'n PORTRET**

VAN:

**BEYERS CLAASSEN**


# HIEROOR en DAAROOR

Daar word verhaal van 'n bekende professor aan een van ons universiteite wat beslis geweier het om die aanwesigheid van vroulike studente in sy klas te erken. Elke voorlesing is begin met die woorde: „Geagte Here!". Hy het nooit na die dames gekyk of aan hulle vrae gestel nie.

Maar een oggend sit sestig vasberade nooiens in sy klas. Vandag sal hy iets móét sê om te wys dat hy hulle raaksien. Tussen al die nooientjies sit één armsalige man.

Die professor kom die lesingsaal binne, bekyk die klas voor hom stilswyend, maak sy keel skoon, haal sy bril af, en begin sy voorlesing met: „Geagte Meneer!"

* * *

. . . . En hier is 'n ander een:

In die middel van 'n lesing kom daar 'n stem uit een van die agterste banke: „Dit is darem te vervelig!"

Die professor voltooi sy sin eers pedanties en sê dan boontoe dat die heer wat die tussenwerpsel gemaak het, sy klas maar kan verlaat.

Niemand roer nie.

Woedend sê die professor: „Toe, hoor die betrokke heer my nie?"

„Nee, Professor," roep een van die studente, „hy slaap al weer . . . . "

* * *

Dan verneem ek dat in die Franse dorp Guevenatten daar 'n noodklok is wat een keer per jaar gelui moet word om vas te stel dat daar niks met sy meganisme verkeerd is nie. Die burgemeester het bepaal dat die klok gelui moet word op die dag wanneer die belastinggaarder sy besoek aan die dorp bring.

* * *

'n Boekhandelaar het die volgende versoek oor die pos ontvang: „Stuur my asseblief 'n goeie boek oor Persoonlike Higiëne. Ek dink ek het dit."

* * *

Volgens Radio Peking was proefnemings om tande van een pasiënt op 'n ander oor te plant, geslaagd. Berigte lui dat 22 uit 27 pasiënte bevredigend behandel is deur dr. Tjoe Tan-po, hoof van die afdeling mondaandoenings van 'n hospitaal in Kanton.

Dit het twee maande geduur voordat tande wat oorgeplant is, wortel geskiet en net soos die oorspronklike tande gelyk het, aldus dr. Tjoe. (. . . „Soe, hoe pyn jou tand nou!").

* * *

Ek het 'n rukkie gelede tussen 'n klomp ou nuusblaaie rondgesnuffel en op die volgende baie interessante stukkie spekulasie afgekom:

In 1881 het ons die Eerste Vryheidsoorlog, die begin en die einde daarvan, gehad. Gaan nou op die volgende manier te werk:

Tel by die 1881 weer 1881, maar van agteraf.

Só:

1881
1
8
8
1
——
1899 . . . Die begin van die Tweede Vryheidsoorlog. Die einde van die oorlog was 1902. Tel nou weer só bymekaar:

1902
2
0
9
1
——
1914 . . . Die begin van die Eerste Wêreldoorlog. Die einde was in 1919. As weer volgens dieselfde prosedure te werk gegaan word, kry mens 1939, die begin van die Tweede Wêreldoorlog, en 1945 was die einde. Met 'n soortgelyke proses kom mens dan op 1964 te staan.

En nou plaas die berekenaar 'n vraagteken agter hierdie datum . . .

* * *

Beklim die berg wat **vandag** voor jou staan.
More bring sy eie mee,
en dan is daar **twee!**

* * *

Sover dit geld aanbetref, het die meeste van ons werklik min om oor te kla.

— Jan Rap.

# I.S. STUDENTE-HANDBOEK-EKSAMEN, 1958

Alle persone wat wens om vanjaar die Studentehandboekeksamen af te lê, word versoek om op **Vrydag, 2 Mei 1958, om 1.30 nm.** in die **Studentesaal** bymekaar te kom. Almal moet skryfbehoeftes saambring.

Na-uurse studente is nie by hierdie reëlings betrokke nie, want vir hulle word spesiaal voorsiening gemaak om later in die jaar 'n spesiale eksamen af te lê.

# *Mediese verslag: „Nypende Vitaminetekort"*

Tydens die gewone veertiendaagse roetinebesoek aan die Departement Volksgesondheid, het Dr. F. L. Iekvlooi hom soos volg teenoor ons verslaggewer uitgespreek: „'n Onrusbarende tekort aan Vitamine ‚G' (in die ander landstaal as ‚M' bekend), mag te doene hê met buitensporige gedrag of selfs akademiese druk in die onmiddellike verlede; as die Flieke egter begin leegloop, moet die oorsake van dieperliggende aard wees."

Die Geneesheer/Psigiater sal ter stawing van bogenoemde bewerings graag drie insiggewende gevalle bespreek.

**A. Die geval van mnr. K. Erkmuis:** Het 'n genoegsame voorraad gehad vir baie jare, maar het 'n plotselinge tekort ontwikkel na herhaalde besoeke aan „Ingram" en die plaaslike „Shine".

**Simptome:** Uitermatige beweringheid in die nabyheid van motorhawens en veral petrolpompe; alergies vir bromponies; lg. wat met knordonkie en ten slotte die gewone trapfiets vervang is.

**Advies:** Raak ontslae van die fiets; stap is immers veiliger en terselfdertyd veel beter oefening, wat sommer die aanleidende oorsake tot die minimum sal beperk.

**B. Mnr. en mev. I. N. Solvent:** 'n Uitsonderlike geval omdat die egpaar byna gelyktydig 'n ernstige vitaminetekort ontwikkel het — vermoedelik as gevolg van AANTREK (likheid) aan die kant van mevroutjie.

**Simptome:** Prikkelbaarheid teenoor mekaar; mevrou I. N. Solvent met 'n byna psigopatiese delusie van niks-om-aan-te-trek-geid, gepaard met hallusinasies van haar eggenoot, dat hy voor sy aftrede (mits hy nie optree nie) in 'n werkskolonie gaan beland.

**Advies:** Tree gerus liewer op.

**C. Mnr. B. Ankrot:** Hierdie merkwaardige geval het voortgespruit uit oormatige vitaminevoorraad. Hy was 'n bankier wat hom op 'n goeie dag aan 'n oormaat van vitamine ‚G' gehelp het, (nadat hy lank aan 'n tekort onderhewig was), sonder om die nodige outoriteite eers te raadpleeg.

**Simptome:** Onversadigde begeerte om te reis en nuwe, stil plekke op te soek. Buitensporig senuweeagtig in die geselskap van mans met swart klere. Hy is uiteindelik opgespoor, en geniet (?) op die oomblik sy welverdiende rus in 'n stil omgewing.

**SLOTINDRUK:**

**„Funny, Funny, Funny what MONEY can do!"**

# Satellietie se maanskynhoekie

Selfbejammering word nêrens goedgekeur as geregverdigde emosie nie, maar daar is uitsonderlike gevalle; so het Satellietie in haar wysheid besluit.

As mens byvoorbeeld per ongeluk 'n bord ontbytvlokkies in die suikerblik omkeer, skep jy dit natuurlik moeisaam en so onopsigtelik moontlik uit met 'n bejaarde teesiffie, camoufleer die bakkie se twyfelagtige inhoud met 'n skoon lagie suiker en verduister dit weer in 'n donker kas. Doodeenvoudig. Maar wanneer 'n pligsgetroue Ma dit ontdek en ewe niksvermoedend teruggooi, word' jy tien teen een oormeester deur die gevoel dat jou lewe tog maar vir jou 'n las is.

'n Mens se onwaardige assistent oordonder jou vervolgens met 'n handvol verlowings, geen kyse nie, sowel as die berig dat hy die slagoffer is van 'n latente senuweeinstorting. In 'n skielike oomblik van vertedering het Satellietie besluit om vir Kupido te gaan stories lees sodat die siekbed darem nie te vervelig word nie. Miskien is 'n mens te veeleisend as jy waardering verwag, maar hier volg kortliks wat Saterdag gebeur het:

Satellietie het met 'n advertensie weggeval: „Die fabelagtige „Fairlane 500", sensasiewekkende verkoopsukses van die jaar, met straler-stroombelyning; klein-besparing en -hanteergemak. Vanweë sy enkelstuk-konstruksie (one piece bathing suit?) gly die model met gemak in parkeerruimtes waar ander M's verplig word om verby te gaan. Kyk net na die voortreflikhede (don't touch).

Nie net nuut wat betref opwindende skoonheid nie, maar nuut in elke opsig wat noodsaaklik is vir die moderne M. Die gesogte model spog met 'n verrassend-lae silhoeët en is 'n prag-M in eie reg; (hier het Kupido gevaarlik na sy asem begin snak, dog toe Satellietie die volgende sin voltooi, was hy 'n gebroke man) . . . „Met die vurige krag van FORD se weergalose nuwe Interceptor V8-enjin en die sensasie van 'n outomatiese ratstelsel, het die Fairline 500 werklik sprankelende voortreflikhede."

Op hierdie stadium het die verpleegster binnegekom, met die Dokter kort op haar hakke; Kupido het geslaag om 'n verbreking van sy vennootskap met Satellietie te verkry — op grond van **Geestelike Wreedheid!!**

—□—

Graag wil ons die volgende Pukke en Oud-Pukke hartlik gelukwens met hulle verlowings:

Mnr. Christie Roode en mej. Retha Oosthuizen;

Koos du Plessis en Clementia Visser; ds. Willem Maritz en Hanlie du Toit;

Ook mej. Jeanne Dames het die afgelope week verloof geraak.

Die enigste kys wat op hierdie stadium toegejuig kan word, is die van Jan A. K. du Plessis en Marie van Rensburg.

**Aandag! Aandag!**
Kom na
**PROTEA HAARKAPPERS**
vir u volgende haarsny . . . .
en BESPAAR!
Haarsny Mans: 2/6
van Maandag tot Vrydag
Saterdae 3/-.
**Kerkstraat 75**

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1
**POTCHEFSTROOM**

**Goeie Nuus!**
AAN ALLE SPORTKLUBS!
Ons bied nou aan:
- SPORTBEKERS
direk van die fabriek
Spesiale AFSLAG vir klubs.
Raadpleeg ons eerste!
**I. GLAZER (Juwelier)**
**Kerkstraat 187, Potchefstroom.**

**Sanlam**
DIE WAARBORG VIR UITKOMS VIR U EN U GESIN!
**Verteenwoordig deur —**
Wyksbestuurder: W. J. S. COETSEE. Tel. 106
Huisadres: Hoffmanstraat 84,
Kantoor: H/v. Kerk- en Lombardstraat.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
**POTCHEFSTROOM.**

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

# Eerstespan klop Klerksdorp 11-9

## NAVY KOM TWEEDE

In 'n wedstryd wat ietwat gestrem is deur slordige rugby, het P.U. eerstespan daarin geslaag om Klerksdorp met die kous oor die kop huis toe te stuur. Die telling was 11-9.

P.U. het die bal taamlik gereeld uit die lynstane gekry waar Piet Steinberg en Maarten van der Walt (wat ook in die losspel uitgeblink het) reusewerk verrig het. Die skrums het taamlik gelykop verloop, terwyl die losvoorspelers aan albei kante goed vertoon het. Hier verdien die harde spel van Willem Gronum (P.U.) en Apie du Plessis (K.A.A.A.) vermelding.

P.U. se agterlyn was Klerksdorp oor, en veral Mic Moolman en Jan Combrinck het die oog gevang. Jan Combrinck het goed vertoon in sy eerste senior-wedstryd en het Jan Swemmer deeglik getem. Mic Moolman behoort beslis nog later vanjaar die groen-en-rooi trui aan te trek.

Puk se eerste punte het gekom van 'n voorspelerstormloop wat deur Maarten van der Walt verder gevoer is om vir Moolman in die hoek oor te stuur. Dannhauser se vervyfskop het die regoppaal getref. Een van die mooiste bewegings van die wedstryd is deur heelagter Dannhauser begin in sy eie kwartgebied. Hy het die agterlyn weggestuur en Moolman het sy teenstander en die Klerksdorp-heelagter geklop, maar is naby die doellyn neergetrek.

Nog 'n mooi beweging is deur losskakel Hennie van der Walt begin, Combrinck het deur 'n gaping geglip, na Thom laat loop wat Moolman weer oorgestuur het vir 'n drie onder die pale. **Sprinkaanspuiter** Steenkamp het vervyf.

P.U. se finale punte het gekom van 'n lang strafskop deur Dannhauser, wat origens ongelukkig nie een van sy beste wedstryde gespeel het nie.

Klerksdorp se punte is aangeteken deur Apie du Plessis (twee drieë) en Badenhorst ('n drie).

**NAVY.**

Navy moes tevrede wees om tweede te kom in hulle wedstryd teen Klerksdorp II. Telling 13-3.

Slordigheid en 'n gebrek aan samespel is die hoofoorsaak van hulle nederlaag. Verder beskik die Navy oor 'n puik span en veral Herman Venter en Denis Crause is manne wat moet dopgehou word.

Denis Crause het Navy se enigste punte met 'n strafskop aangeteken.

**O/19A.**

Die O/19A het die tradisie laat voortlewe en Koöperasie met 'n wegholoorwinning van 58-0 verslaan.

Uitblinkers onder die jong geledere was Hoogenboezem (heelagter), De Kock (vleuel), Van der Schyff (senter), Porter (losskakel), en Erasmus (flank). Veral Erasmus en De Kock is manne wat dit ver kan bring.

Die spannetjie het 'n oulike gees en onder leiding van Bulletjie Steyn behoort hulle deur die seisoen goed te vaar. Drieë is onder andere aangeteken deur Van der Schijff (drie) en De Kock (twee). Hoogenboezem het nege drieë vervyf.

---

## STOEIKLUB

Gedurende die afgelope Aprilvakansie het 'n aantal Pukke die Stoeikamp by Hartebeespoortdam bygewoon. Hulle is Koos van Niekerk, P. Krüger, L. Swart, Dokkie Coetzee, W. Putter en Piet Brand. Koos van Niekerk en P. Krüger het terselfdertyd die beoordelaarseksamen en L. Swart en Piet Brand die skeidsregtereksamen afgelê. Die nuwe Olimpiese reëls is geleer en goeie ondervinding is opgedoen tydens die kamp.

**STOEIKAMPIOENSKAPPE.**

Na die vakansie het 'n teleurstelling vir die Pukke gewag. Die kennisgewing in verband met die S.A. Universitêre Stoeikampioenskappe het ons te laat bereik om dit te kan bywoon. Maar nou lê die Suid-Wes-Transvaalse Stoeikampioenskappe wat op Stilfontein op 2 en 3 Mei plaasvind, voor. Hierheen sou oorspronklik tien Pukke gaan, dog Wynand Putter en Dokkie Coetzee moes hulle onttrek. Die volgende agt Pukke gaan wel deelneem en ons wens hulle alle sterkte toe:

Veergewig: P. Krüger en S. Blom.
Liggewig: P. Brand en F. Steyn.
Weltergewig: S. du Toit.
Middelgewig: Koos Coetzee.
Ligswaargewig: Koos van Niekerk en Willem Postma.

Leon Swart sal as spanbestuurder optree.

S.W.-Transvaal beskik oor baie goeie stoeiers waaronder oud-provinsiale stoeiers. Ons kan vanjaar dus swaarder kompetisie as ooit verwag. Kom, laat ons duim vashou vir ons matmanne!

P. Brand.

# Stokke klap!

Betreurenswaardig tog, dat die Puk steeds met ou mans op die hokkieveld moet draf, of liewer, laat ons sê: **net** met ou mans! Skort dit by die ontgroening of skort dit werklik by ons eerstejaars self dat omtrent elke sportklub (en die manshokkie ook!) aan die kwyn is? Nee mense, kyk, ook op sportgebied het julle (eerstejaars) 'n plig om tradisie en naam hoog te hou.

**TEEN KLERKSDORP:**

Die eerste stokke het Saterdag 19 April, teen Klerksdorp geklap. Die Pukke, met 'n vakansie agter die rug, het windmaker afgesit en die sterk span van Klerksdorp met 5—3 oorrompel.

Die stokke het geklap! Ja, geklap, want daar is heelwat stokgeslaan. Dit is aan die begin van die seisoen en die masjien is nog ietwat aan die droë kant. Ons wil manne soos Gert Snyman, Piet van Wyk en Christie Coetzee (Christie is tog so trots op die twee doele wat hy geslaan het!) sien as die kniekoppe eers los is.

**P.O.K.**

Geluk Pote met julle oorwinning van 3—1.

Die Pukke wil liewer nie weer hoor van Woensdagmiddag 23 April nie, omdat hulle op die P.O.K.-tuis-„veld" die onderspit moes delf. Verskoning? Die bal het darem te dikwels in skuilplekke en onder bossies en gate verdwyn — iets waar die Pukke nie van geweet het nie!

Pukke, die hokkieseisoen lê nog voor en ons verwag julle ondersteuning. Eerstejaars en alle ander hardwerkendes, ons oefen Maandae 3.45 nm. en Woensdae 4.45 nm. langs die **korfbal**-baan.

H. Dijkstra.

---

## MAFEKING NOOI ONS UIT

Saterdag 27 April het ons Eerstespan, so met Vreugdedag en al, 'n uitnodigingswedstryd teen Mafeking op Mafeking gaan speel.

Hoewel dinge aan die begin nie wou vlot nie het ons manne ten spyte van hulle Vreugdedagtamheid, vir Mafeking gewys waar oom Daantjie destyds wortels gegrawe het, en gewen. (9-5).

P.U. wou die wedstryd oopmaak, en hoewel Mafeking aanvanklik nie saamgewerk het nie, het die agterspelers later geleentheid gekry om te wys wat in hulle steek.

Die proefneming om Jan van der Schyff losskakel te laat speel, het miskien nie heeltemal suksesvol verloop nie, maar miskien steek daar tog iets in. Hennie van der Walt het weer sy ou bestendige spel op senter gelewer en Jan Combrinck nogmaals geleenthid gebied om te wys wat daar in hom steek.

Puk het die bal in die lynstane bemeester en die skrums het duidelik bewys dat Maarten van der Walt en Herman Venter 'n lekker slotpaar is. Hier het Casper Lessing as haker ook uitgeblink terwyl Kaptein Frans de Bruyn met sy ou vuur gespeel het en 'n waardige voorbeeld vir sy manne was.

Piet Steinberg en Willem Gronum het lekker gewoel en as Roscher eers fiks is behoort hierdie drie losvoorspelers baie vir Puk te beteken.

Toy Dannhauser het Saterdag weer bewys dat sy plek heelagter is, net jammer daardie reuse skoppe van hom haal nie altyd die kantlyn nie.

A. Meyer (plaasvervangende voorryman vir De Wet Kruger) en Willem Gronum het Puk se punte met drieë aangeteken, terwyl Dannhauser met 'n strafskop geslaag het.

Mafeking se punte is aangeteken deur hulle agtsteman met 'n drie wat deur die heelagter vervyf is.

('n Interessante feit is dat oud-Pukvleuel Koranna Coetzee as senter teen ons opgetree het).

---

## Fires

(Saterdag 19 April vs. Klerksdorp).

Fires het Klerksdorp 9-6 geklop in 'n wedstryd wat nie veel hoogtepunte opgelewer het nie. Losskakel Badenhorst wat briljant gespeel het, het al nege punte aangeteken. Sy pragtige wendrie sal onthou word en hy kan gerus dopgehou word.

---

## Tekkies

(Saterdag 26 April vs. Gold Fields West).

In die afwesigheid van die kaptein, Jan Ras, het die spannetjie maar swaar gelewe en Gold Fields het die wedstryd met 6—3 gewen. Die teenstanders het die lynstane sowel as die vaste skrums oorheers en was dit nie vir 'n rotsvaste verdediging nie, kon die telling teen Tekkies baie hoër gewees het. Rassie van der Westhuizen het Tekkies se enigste punte met 'n strafskop aangeteken.

I.W.